

---

# 'n BOODSKAP AAN PROTESTANTE

---

Is alle Protestante Christene?

Baie mense dink so! Daar is baie mense wat glo dat as jy 'n Protestant is, dan is jy 'n Christen (net soos wat baie mense glo dat as jy 'n Rooms-Katolieke is, jy 'n Christen is). Maar dit is eenvoudig nie waar nie!

Die blote feit dat jy 'n lid van 'n Protestantse denominasie is, beteken nie dat jy 'n Christen is nie.

Die feit dat jy as 'n baba gedoop is (of selfs as 'n volwassene) maak ook nie van jou 'n Christen nie.

Die feit dat jy 'n moreel "ordentlike" persoon is, beteken nie dat jy 'n Christen is nie.

Deur te probeer om die tien gebooe of die bergpredikasie na te kom, maak nie van jou 'n Christen nie.

Deur te bid, maak nie van jou 'n Christen nie.

Deur goeie werke te doen, maak nie van jou 'n Christen nie.

Jy kan selfs 'n *predikant* wees, en nie 'n Christen wees nie!

In die Bybel word daar *duidelik* aan ons vertel wie Christene is en wie nie Christene is nie. Ons kan die boodskap van verlossing wat Jesus Christus op die aarde verkondig het en die boodskap wat die apostels verkondig het, in die Nuwe Testament lees. En wat lees ons daar?

In Mark. 16:15 het Jesus aan sy dissipels gesê om die hele wêreld in te gaan en die evangelie te verkondig. In vers 20 word daar aan ons gesê "hulle het uitgegaan en oral gepreek". Wat was hulle boodskap? Dit was soos volg: *Bekeer jou en glo* in die Here Jesus Christus en jy sal gered word! (bv. Hand. 3:19; 16:30,31). *Dit* was die evangelie van die eerste Christene; *dieselfde* evangelie wat Jesus self verkondig het (sien Matt. 4:17; Joh. 3:18). Diegene wat berou het en Christus in geloof aanneem, word kinders van God – *Christene!* (Joh. 1:12,13).

Aangesien die Bybel baie duidelik is oor wat die ware evangelie is, *waarom* is dit dan dat so baie mense glo dat hulle Christene is omdat hulle lidmate van die een of ander denominasie is of dat hulle gedoop is of dat hulle goeie werke doen?

As jy die geglo het, is jy *mislei!* Jy is dit aan jouself verskuldig om die waarheid vas te stel.

Voordat die Protestantse Hervorming in die 16de eeu plaasgevind het, was Europa onder die ysterhak van die Rooms-Katolieke instelling. Die massas het in onkunde en bygeloof gelewe. Hulle "kerk" het hulle verbied om die Bybel te lees, hulle lewens is vanaf geboorte tot die dood deur die priesters van Rome (wat net so bygelowig en geestelik onkundig soos hulle was) beheer, en hulle het geglo dat jy 'n Rooms-Katolieke moes wees om 'n Christen te wees. Die Rooms-Katolieke geloof het geleer dat 'n "Christen" iemand was wat gedoop is; wat geleef het soos wat die "kerk" van Rome beveel het; wat probeer het om verlossing te *verdien* deur verskeie "goeie werke" te doen, ens. Dit was 'n "evangelie" van *werke*; van menslike poging (en Rome verkondig dit *steeds*). Maar die *Bybel*, die Woord van God, leer ons dat die mens *niks* kan doen om sy verlossing te verdien nie; en dat verlossing geheel en al deur God se genade, deur geloof, verkry kan word. In Ef. 2:8,9 staan daar: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit is nie uit julleself nie: dit is die *gawe* van God; *nie uit die werke nie*, sodat niemand mag roem nie." Die Rooms-Katolieke "evangelie" is 'n *valse* "evangelie". Redding deur werke is die boodskap van elke valse geloof op aarde. Slegs die Woord van God vertel aan ons die *waarheid*: dat dit deur *geloof* is.

Toe die Hervorming plaasgevind het, het baie mense deur die Woord van God gesien hoedat jy *werklik* 'n Christen word; en hulle het die ware evangelie van Jesus Christus begin verkondig. Hulle is

“Protestante” genoem, omdat hulle teen die valse leringe van Rome *geprotesteer* het.

Daar was egter talle mense wat hulleself “Protestante” genoem het, maar wat slegs Protestante in naam was! Hulle het om verskeie redes by Protestantse kerke aangesluit, maar het *nooit* werklik Christene geword nie. Hulle het nooit aan die evangelie van Jesus Christus gehoor gegee nie. Hulle het byvoorbeeld steeds geglo dat jy deur doping ’n Christen word; dat jy deur goeie werke in die hemel kan kom; ens. Met ander woorde, hoewel hulle hulleself “Protestante” genoem het, het hulle in wese in *dieselfde* valse “evangelie” geglo, waarin die Rooms-Katolieke geglo het – ’n “evangelie” van werke, waarvolgens ’n mens iets moet doen om jou redding te verdien.

Dit was nog altyd die geval dat daar “wolwe” onder die kudde was; valse leermeesters wat *voorgegee* het dat hulle Christene is en wat lippehulde gebring het aan die Bybel se waarheid aangaande verlossing, maar wat dit nie geglo het nie en talle mense mislei het (sien bv. Matt. 7:15, Hand. 20:29,30, 2 Kor. 11:13-15, en 2 Petrus 2:1). Dit was die geval in die eerste eeu van die Christelike kerk, en dit is sedertdien nog so. In Protestantse kringe was daar van die begin af tot vandag toe talle mense wat die valse “evangelie” van werke verkondig het en nie die ware evangelie van genade deur geloof nie. Talle het dit uit onkunde gedoen omdat hulle nie self die waarheid geken het nie; en andere het dit *opsetlik* gedoen in ’n poging om Protestantisme te vernietig. Die *Jesuite* (en diegene wat hulle gemanipuleer het) het veral op elke moontlike wyse probeer om die Protestantse denominasies te vernietig; hulle het Protestantse kringe as spioene geïnfiltreer ten einde die Protestante se doktrines te verdelg. Hulle was baie suksesvol.

Die Protestantse denominasies doen tans hul bes om Rome tevrede te stel en is op soek na wyses om met Rome te “verenig”. Dit staan bekend as die “Ekumeniese Beweging”. Hulle gaan uit hulle pad om die werk van die Hervorming te vernietig, en in die proses is hulle besig om talle mense te mislei. Vir tallose hedendaagse “Protestante” vind verlossing deur doop, “kerk”-lidmaatskap en goeie werke plaas – net soos in Roomse-Katolisisme! Hulle het ’n ritualistiese, *dooie* geloof wat bloot ’n “Protestantse” weergawe van Rome se “evangelie” van werke is. Die gewone “kerkganger” het *geen benul* wat die Bybel werklik verkondig nie. En dit gebeur alte dikwels dat sy predikant ook nie weet wat dit verkondig nie; of as hy wel weet, glo hy dit nie. Jesus het gesê dat as ’n blinde ’n ander blinde lei, altwee in die sloot sal val (Matt. 15:14). Leiers wat geestelik blind is, kan nie leiding gee aan diegene wat hulle lei nie. Die gevolg is dat miljoene “Protestante”, omdat hulle nooit die waarheid hoor nie, verlore is en op pad hel toe is en die healtyd glo dat hulle Christene is.

Hier volg nou die eenvoudige, wonderlike evangelie soos wat dit in die Woord van God uiteengesit word. Die Protestantse Hervorming het die Bybel tot die gewone mens se beskikking gestel. Die tragedie is dat so baie “Protestante” nie weet wat daarin staan nie.

Volgens die skrif is jy, net soos alle mense, ’n *sondaar*; verlore en geestelik dood. “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie” (Rom. 3:10); “want *almal* het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Rom. 3:23); “sonder Christus... sonder hoop en sonder God in die wêreld” (Ef. 2:12); “dood... deur die misdade en die sondes” (Ef. 2:1); “Want die loon van die sonde is die *dood*...” (Rom. 6:23); God, omdat hy ’n regverdige en heilige God is, *haat* sonde. Diegene wat in hulle sondes sterf, gaan *hel* toe; slegs diegene wat in Christus se boek van die lewe opgeteken is, sal die poel van vuur ontduik (Open. 20:14,15).

Maar die mens kan *niks* doen om sy verlossing te verdien nie! Omdat hy “dood in sonde is”, is hy *magteloos* om homself te help. Die sondige mens is “onrein” in God se oë en sy “geregtighede” is soos ’n “besoedelde kleding” vir God (Jes. 64:6). Want, kan “’n reine voortkom uit ’n onreine? Nie een nie” (Job 14:4). Dit is waarom Ef. 2:8,9 sê dat verlossing “*nie* uit die werke” is nie. Dit is nie, want dit *kan nie* wees nie. Geen mens is goed genoeg nie, geen mens is regverdig genoeg om sy eie verlossing te verdien nie.

Maar die evangelie van verlossing is dit: dat “Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red...”! (1 Tim. 1:15). Jesus het gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh. 14:6).

Jesus is op ’n wonderbaarlike wyse in die baarmoeder van die maagd Maria deur die Heilige Gees ontvang (Luk. 1:26-35). Die Seun van God wat, voordat Hy in die vlees gekom het, van ewigheid af bestaan het, het ’n sondelose, perfekte lewe op aarde in gehoorsaamheid teenoor die Vader gelewe,

sodat Hy die perfekte offer vir die sondes val talle kon word (2 Kor. 5:21; Heb. 7:26,27; 9:26-28). Hy is gekruisig en het *in die plek van* sondaars gesterf; die Regverdige vir die onregverdige, die perfekte plaasvervanger (Rom. 4:24,25; 1 Pet. 3:18). Die straf vir sonde is betaal: Christus het gely en in die plek van sondaars gesterf. Omdat Hy geen sondes van sy eie gehad het nie, het God die sondes van ander op *Hom* geplaas en het Hy die straf op Hom geneem wat hulle s'n moes gewees het (sien Jes. 53 en 1 Pet. 2:24).

Die doop kan jou nie red nie. Water kan nie die sondige hart van die mens reinig nie. Ons moet met Christus se *bloed* "gereinig" word (sien Open. 1:5). Slegs Sy *bloed* kan ons reinig. Ons moet in "sy *bloed* geregverdig" word (Rom. 5:9). Dit is deur *geloof* in die bloed van Jesus, wat vir die vergifnis van sy sondes uitgestort is wat 'n berouvolle sondaar gereinig word (sien Matt. 26:28; Heb. 9:22); want wanneer hy op die Here roep om hom te red, word hy "gereinig" en nuut gemaak.

"Kerklidmaatskap" kan jou nie red nie. Dit is belangrik dat ware Christene gereeld byeenkom om die Here te aanbid, om Sy Woord te bestudeer, ens. Maar niemand kan gered word deur bloot by 'n "kerk aan te sluit" nie. Slegs Christus kan red.

Deur "goeie werke" te doen, kan jy nie gered word nie. Is jy hieroor mislei? Die Bybel sê dat dit "nie uit die werke" is nie (Ef. 2:9). Sal jy God of die mens glo? Verlossing is deur "die *bekering* tot God en die *geloof* in onse Here Jesus Christus" (Hand. 20:21).

Daarom, "*bekeer* julle en *glo* die evangelie" (Mark. 1:15)! Moenie op enige menslike poging vertrou nie. Vertrou slegs op *Christus*. Moenie uitstel nie, maar roep Hom *nou* aan. "Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Rom. 10:13).

**Shaun Willcock**

---

## **Bible Based Ministries**

[info@biblebasedministries.co.uk](mailto:info@biblebasedministries.co.uk)

[www.biblebasedministries.co.uk](http://www.biblebasedministries.co.uk)

*Bible Based Ministries' Worldwide Contact for Orders:*

### **Contending for the Faith Ministries**

42055 Crestland Drive Lancaster, CA 93536 USA

[BBMOrders@aol.com](mailto:BBMOrders@aol.com)

Uit die Engels vertaal

Indien hierdie traktaatjie ten volle gekopieer word, mag dit vir gratis verspreiding gekopieer word